

Hoofstuk van die dag: Genesis 42

(Josef) het aan sy drome van vroeër gedink … (vers 9)

Toe Josef se oudste seun gebore is, het hy hom Manasse genoem, want, het hy gesê, God het hom alles laat vergeet, ook wat sy familie hom aangedoen het (Gen 41:51). Daar was baie om te

vergewe, en ek vermoed Josef het hard daaraan gewerk om die seer van die verlede agter hom te sit.

Op hierdie stadium het hy seker gedink hy is nou uitgesorteer en gelukkig in sy nuwe omstandighede. Hy het ’n fantastiese pos aan die farao se hof, ’n wonderlike vrou en twee seuns. Hy het aanbeweeg.

Alles verander egter in ’n oogknip toe sy broers voor hom buig. Dit krap die ou wonde weer oop totdat dit bloei. Terug is al die pyn en seer, die woede, die verontwaardiging, die vernedering, die lyding. Josef is toe nie so uitgesorteer soos hy gedink het nie. En die ou Josef is terug. Weg is die voorbeeldige jongman wat almal se vertroue gewen het. Hy is dadelik gereed om sy broers te laat boet.

Die toets vir ware vergifnis lê nie net in wat jy vir die Here sê nie, maar ook (veral!) hoe jy optree teenoor dié wat jou seergemaak het.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026